## REDAKSIONEEL

Die verdelende kragte wat tans in die Suid-Afrikaanse samelewing werksaam is en dreig om dit uitmekaar te skeur, het tragies sigbaar geword. Onder hierdie omstandighede word die soektog na gemeenskaplike waardes 'n dringende noodsaaklikheid - nie alleen om alternatiewe moontlikhede te oorweeg nie, maar ook om 'n sterk genoeg basis vir enige toekomstige samelewingsbestel te vind.

In hierdie uitgawe word die bevindinge van die omvattende ondersoek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing na tussengroepverhoudinge van nader bekyk - by name die bevindinge van die godsdiens-verslag. Bestaan daar in 'n land waar 78% van die bevolking (nomineel altans) beweer dat hulle Christene is, 'n breë en stewig genoeg basis van gemeenskaplike waardes waarop met vertroue 'n nuwe Suid-Afrika gebou kan word?

Die skrywers probeer hierdie vraag vanuit verskillende gesigshoeke beantwoord, deur te kyk na die verhouding tussen waardes en basiese menseregte; na die rol van waardes in die proses van konstitusionele hervorming; na 'n Afrika-siening van die mens; en ten slotte na die eise wat aan pastorale begeleiding gestel word in 'n krisistyd van snelle maatskaplike verandering.

## FROM THE EDITOR

In a polarized South Africa, the divisive forces which are straining the fabric of society and threaten to tear it apart, are all too apparent. In such a situation, the search for common values becomes an important undertaking, not only to serve as a rallying point, but, more importantly, to find a sound enough basis on which to develop a new South Africa.

In this issue, the findings of the comprehensive research project of the Human Sciences Research Council into intergroup relations and especially the findings of the report on religion, are critically assessed from different angles. Does there exist, in a country where 78% of its population (nominally at least) professes to be Christians, a strong and broad enough basis of shared values on which a stable future can be built?

The various contributions try to answer this question from different perspectives, looking at the relation between values and basic human rights; at the rôle of values in the process of constitutional reform; at an African assessment of basic human values; and finally, at the implications for pastoral counselling in a time of transition and crisis.